Hoërskool Marais Viljoen High School

15 Maart 2019
Geagte Ouers / Voogde

OMSENDSKRYWE 7 (2019)

1. TUSSENVERKIESING VAN BEHEERLIGGAAMSLID
Daar is tans ‘n vakature vir ‘n ouer op ons skool se Beheerliggaam. Nominasievorms is by die algemene kantoor beskikbaar en moet teen Woensdag, 3 April 2019, ingehandig wees. Die verkiesing sal op Donderdag, 4 April 2019, om 18:30 plaasvind.

2. INSPEKSIE
Neem asseblief kennis dat daar weer inspeksie sal plaasvind sodra die skool vir die nuwe kwartaal open. Maak asseblief seker dat u kind aan die voorkomsreëls voldoen.

3. SPORTTOERE GEDURENDE DIE VAKANSIE
Ons Rugby-, Hokkie- en Netbalspelers gaan hierdie vakansie op kampe en toere. Ons wens hulle sukses toe.

Indien u weggaan gedurende die vakansie, wens ons u ‘n veilige reis toe.

Vriendelike groete

MARTIE HEYSTEK
SKOOLHOOF **LEIER IN VOLLEDIGE OPVOEDING**